# Lesing 01.08.2018 - Lesing 8 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

Aanhalings uit die Huishouding van Elohim - Boek 1

*(Kain gee die totale gesag van Nod oor aan sy seun Hanoch, wie die oppergesag in plaas van Elohim word. Geen mens het meer n wil of 'n sê gehad nie, ook Kain en sy vrou word nie uitgesonder nie)*

**Hfs 23:[16]** En sien, toe neem Kain die woord en vra baie treurig en diep ontroerd aan Hanoch: "O Hanoch, groot vors, my gewese seun, sê my reg vanuit jou hart en volgens waarheid, is jou vader en moeder nie uitgesonder van alles wat jy wys en na eie goeddunke vir jou onderdane beveel het nie....?

[17] En sien, toe sê **Hanoch**: "Wat vra jy my nou?! Doen ek dan nie goed as ek volgens die leer en die mag wat jy my gegee het, handel nie?! Jy het tog self niemand anders as myself bo die wet gestel nie en jy het vir julleself geen uitsondering gemaak nie! En indien ek so handel, doen ek dan onreg?! Omdat daar by ons geen liefde heers nie, maar slegs die suiwerste reg, hoe kan jy jou dan uitspreek teen die wette van my vrye willekeur om die een of ander uitsonderlike barmhartigheid te verkry, wat nie strook met die regte van die wette van jou vors nie?!

[18] **Hanoch**: Vlug dan uit my oë waarheen jy maar wil, ....gaan dus nou en vlug!"

Die uittog van Kain na die See

**24 [1]** En sien, toe begin Kain te ween en vertrek daarvandaan met sy vrou en vier kinders, twee van die manlike en twee van die vroulike geslag, en bereik na veertig dae die kus....

[4] En sien, toe begin **Kain** na `n tydsverloop van sewe-en-sewentig jaar weer tot My te bid, drie dae lank, dag en nag sonder ophou en hy roep aan één stuk deur: "Meester, U regverdige, U liefderike, sien vol barmhartigheid neer op U groot skuldenaar en doen met my volgens U gewyde Wil!" En hierdie woorde herhaal hy baie duisende kere.

[5] En Ek het medelye gekry met hom, omdat hy so sterk en eindeloos ellendig geroep het. Sien, toe stuur Ek **Abel** in `n vlam gehulle na hom toe en Abel spreek tot hom met die woorde wat uit My kom en sê: "Kain, staan van die grond af op, kyk my in my gesig en sê my of jy my nog herken!"

[6] Toe staan **Kain** op en bekyk vol vrees die vlam en herken hom nie, nóg aan die stem nóg aan die gedaante, en toe vra hy, bewend van baie groot angs: "Wie is jy dan, vreemde wese in die vlam?"

[7] En **Abel** antwoord hom: "Ek, jou broer Abel, staan voor jou in die vlam van die goddelike liefde! Wat wil jy dat daar nou met julle gebeur?" - "O broer", sê Kain, " dit is dus jy, - sien, <u>ek het geen wil meer nie</u>! Vir my en ons almal geskied volgens die gewyde Wil van die Meester!"

[8] Toe sê **Abel**: "Luister dan nou! Dit is die wil van die Meester, my Vader en julle Elohim, dat julle sonder vrees of skroom van alle vrugte sal eet, wat julle maar hier kan vind; want die slang het julle hiernatoe verdrywe en het met al haar gif agtergebly by julle kinders in die stad Hanoch en sal julle nie meer lastig val nie.

[9] Wie egter ontsnap het uit haar kragtig geworde strikke en op die manier **<u>die laaste druppels van sy wil</u>** gered het en dit voor die aangesig van JaHWeH op die aarde neergelê het, die sal vanuit Hom **<u>`n nuwe wil</u>** gegee word, sodat hy in die vervolg **as werktuig van die Meester sal kan handel**. En so is dit ook vir julle die wil van die Meester, dat julle in die vervolg volgens Sy wil sal handel; en as die nakomelinge van Hanoch jou of jou familie enige tyd mag vind, dan sal hulle julle en julle familie **nie herken nie**, omdat die liefde van die Meester julle vir ewig **heeltemal swart sal brand**.

[10] En die naam "Kain" sal van julle weggeneem word en `n ander naam sal aan julle gegee word en wat lui "Atheope(Ethiopië of Kus)", dit wil sê "***die willose volgens die wil van Elohim"***. As sodanig moet julle met julle familie `n baie groot stewige mandjie vleg van riet en biesies,

[12] En in die groot water sal in die nabyheid wyd en syd verspreid klein stukkies land lê en as daar te veel van julle op één stuk land beland, soek dan die nabygeleë op en so voorts, en bevolk volgens die wil van die Meester langsamerhand alle klein stukkies land in die groot waters.

[13] En as julle die Meester nie sal vergeet nie, dan sal Hy julle eendag `n groot vasteland gee om te bewoon, daar sal julle bly tot aan die einde van die wêreld, nadat dit eers vooraf gereinig sal word deur die spoedig neerstortende watervloede...

[15] En jy Kain, kom nou nader aan my!" En sien, toe loop Kain na sy in vlamme gehulde broer Abel en Abel omarm hom en so word hy **so swart soos `n kool en sy hare word gekroes.** En dit gebeur ook nog by vyf ander.

[16] En toe sê **Abel**: "Nou, broer Atheope, is julle bevry van alle skuld, want dit het agtergebly by Hanoch en handel dan voortaan volgens die wil van die Meester! Amein.

25 En sien, toe verdwyn Abel, en Atheope eet vir die eerste keer in sy lewe heeltemal opgewek en bly van die vrugte en doen presies soos aan hom beveel was.

[2] En so bevolk sy laatste nakomelinge almal dan die eilande in die water tot op die dag van vandag en na die groot verdelging van die slang gebroedsel deur die vloedstrome uit die hemel, ook die groot wêrelddele wat julle huidiglik **"Afrika", "Amerika" en "Australië"** noem. En sy stam is nie gedood deur die vloedstrome nie en is tot op hede vandag nog dieselfde, om te getuig van die toenmalige en hedendaagse gruweldade van my en Hanoch se kinders.